HANDELINGE

VAN DIE

AGSTE GEWONE VERGADERING

VAN DIE

Sinode van Noord-Transvaal

23 OKTOBER 1979 E.V.D.

EN DIE

KONSTITUERINGSVERGADERING

VAN DIE

Sinode van Oos-Transvaal

2 NOVEMBER 1979

VAN DIE

Ned. Geref. Kerk

TE

PRETORIA

AANDSITTING

Mosie: Woordomskrywings in Kerkorde
Die Sinode dra dit op aan die Kommissie vir die Kerkorde om in die hersiene Kerkorde as insluitende bylae voorsiening te maak vir die omskrywing van bepaalde woorde (woordomskrywing) in die Kerkorde soos wat die geval is in alle statutêre bepalings.

Voorts word versoek dat die woordomskrywing nagegaan word deur die Kerk se regsadviseur voor finale publikasie.

CJ Wessels
C Colyn **1642**

BEDANKINGS

Die Moderator spreek die Sinode se opregte dank uit teenoor:-

*Die Stadsraad van Pretoria vir die beskikbaarstelling van die saal en orrel teen verminderde tarief
*Die opsigter mnr Botha en sy span vir gereedmaking en diens in verband met die saal
*Die begeleiers by die orrel
—Ds WML Strydom, mnr Gerrit Olivier, mnr Pieter Deelink en ds Cassie Carstens
*Die twee boodskapperdames, mejj. Nandia Erasmus en Tossie Hill en ander wat by tye gehelp het
*Mnr André van Zyl wat die luidsprekerknoppies hanteer het
*Mev Jana Viljoen vir die blomme
*Die Notulekommissie o.l.v. ds Jan van den Berg
*Die Stemtellers o.l.v. ds SP Senekal
*Die firma Sound Services vir die luidsprekers
*Die tiksters, mev. Gouws en mej S Terblanche en andere
*Die NG Kerkboekhandel vir hulle diens, lêers en boekverkope — veral aan mnr Marx en mnr & mev Joubert
*Die Verskoningskommissie
*Die Kerkkantoorpersoneel wat al die stukke moes dupliseer
*Die Drukkers, V&R, veral mnr Stevens
*Burgersparkkerkraad vir die beskikbaarstelling van hulle kerk vir die ouderlinge se broederlike onderhoud

Die Moderator bedank ook die ander lede van die Moderatuur.

Die Assessor bedank die Moderator vir sy baie mooi liefdevolle en bedagsame optrede.

Ds Wandrag bedank al die ouderlinge namens die Sinode. Oudl. Roothman bedank die Sinode namens die ouderlinge.

DIE HERDERLIKE BRIEF

Ds AJN van Heerden dra die brief voor namens die Kommissie.

Die Sinode neem met dank daarvan kennis en gee geleentheid aan afgevaardigdes om korreksies skriftelik by die skriba in te handig. Die Moderatuur sal dit dan finaliseer en die stuk sal dan so gou as moontlik aan gemeentes versend word asook in die Handelinge opgeneem word.

Ds Wessel Oosthuizen doen 'n dankgebed. **1643**

VERDELING VAN SINODE

Op hierdie stadium gaan die Sinode daartoe oor om die besluit tot verdeling te implementeer.

Oudl. OT Doyer bedank Noord-Transvaal namens Oos-Transvaal dat hulle steeds deel mag hê aan die nuwe Sinodale Sentrum.

Oudl. (dr) WS Radley bedank die Moderatuur en al die afgevaardigdes van Noord-Transvaal en spreek die wens uit dat die eenheid sal bly.

Ds PJ Viviers bedank die Sinode van Noord-Transvaal en betuig dat Oos-Transvaal alleen met die seën van Noord-Transvaal wil begin as selfstandige sinode.

Ds NJ Mostert wys daarop dat die eerste Sinode van die Ned Geref Kerk môre (2 November) presies 155 jaar gelede gekonstitueer het.

Hy beskou dit as van die Here dat Oos-Transvaal op dieselfde dag mag konstitueer as die elfde Sinode. Hy belowe om te volhard in wat geleer is en steeds lojaliteit te gee aan die Moedersinode, Noord-Transvaal.

Ds JE Potgieter antwoord namens Noord-Transvaal. Hy dank die broeders vir die mooi woorde. Ongelukkig kan dit as gevolg van uitbreiding van die Kerk, nie anders as dat daar steeds nuwe verdelings moet kom nie. Ons is dankbaar om deel te kan hê aan geskiedenis wat gemaak word. Ons breek egter nie weg van mekaar nie, al sal elke Sinode binnekort sekerlik sy eie karakter verkry. Ons gaan egter baie inniger aan mekaar verbind bly as wat die geval is met ander sinodes a.g.v. die baie dinge waaroor saam ooreengekom is. Hy wens Oos-Transvaal die rykste seën van die Here toe.

Die volgende mosie word gestel:-

Gedagtig aan die feit dat die eerste Sinode van die Ned Geref Kerk op 2 November 1824 in Kaapstad vergader het, betuig die Sinode van Noord-Transvaal by hierdie historiese geleentheid in Pretoria, op die vooraand van 2 November 1979, waarop die elfde Sinode van die Ned Geref Kerk tot stand sal kom,

> in ootmoedige blydskap,
> in nederige erkentlikheid
> en in hernude toewyding

sy dank teenoor die Koning van die Kerk vir die wyse waarop Hy na Sy vrye welbehae en ondeurgrondelike genade die Ned Geref Kerk van Noord-Transvaal geroep en gebruik het ten dienste van die Koninkryk van God, sowel as vir die merkwaardige wyse waarop Hy die Kerk met groei geseën het.

Die Sinode bely en aanvaar in die herindeling van die Sinode van Noord-Transvaal in die Sinode van Noord-Transvaal en die Sinode van Oos-Transvaal die kennelike leiding van die Heilige Gees en bid die onderskeie Sinodes die bekragtiging en begeleiding van die Godswoord in Josua 1:9 toe —

> "Wees sterk en vol moed,
> wees nie bevrees of verskrik nie;
> want die Here jou God is met jou,
> oral waar jy heengaan."

AH Malan
NJ Mostert **1644**

Ds JL Grobler, oudste leraar, tref sekere reëlings m.d.o. op die konstituering van Oos-Transvaal. Hy kyk terug oor die geseënde tydperk van verbintenis met die Sinodes van Transvaal. Hy bid die seën van die Here toe op die Sinode van Noord-Transvaal.

Na die sing van Ges. 353 sluit die Assessor, prof Heyns, af met gebed.